Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Hannes de Wet

Area: Louwna

T: 082 948 2772 / E: hannes@laeveld.co.za

Gewasse: Mielies, sonneblomme en grane
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste, Genesis-kitsmaaltye

Hannes de Wet het in 1980 aan die Hoër Landbouskool Kuschke gematrikuleer. Dié agent is al 35 jaar lank met sy Depotdame, Biffie, getroud. Hulle het drie kinders en sy oudste seun hanteer hulle beesboerdery.

Ná skool het hy 'n Nasionale Diploma in Landbou-bodembeplanning by die Technikon Pretoria verwerf. Vanaf 1986 tot 1990 was hy by die Departement Landbou as 'n Grondbewaringstegnikus werksaam. Hierna was hy by boerdery betrokke en het hy ondervinding opgedoen in mielies, grondboontjies, aartappels, paprika en verskeie ander groentesoorte. Verder het hy ook vir sewe jaar 'n Simmentalerstoet hanteer.

Rugby is sedert sy kinderdae sy grootste passie, en hy het vir die Technikon Pretoria, SWA Gebiedsmag en daarna op klubvlak gespeel. Verder is hy ook vanaf 1986 'n Arabierperd-teler (Jozami Arabiere) en is hy al vir jare betrokke by uithouritte as sport. Boonop het hy ook sy nasionale kleure in uithouritte verwerf. Vanaf 2016 is hy ook 'n baie entoesiastiese voëlboer en teel hy op groot skaal met verskeie voëlsoorte.

Volgens Hannes maak sy perde, voëls, ses kleinkinders en natuurlik gesonde aartappellande hom opgewonde, dit bring vir hom baie vreugde. Hy streef voortdurend daarna om al sy kliënte se lande só te diens dat hulle optimale oeste kan behaal.

Hannes het sy CropLife-kwalifikasie in 1999 verwerf en is vanaf 1997 by kunsmis, plantvoeding en gewasbeskerming betrokke. Hy het in 2011 by Laeveld Agrochem aangesluit.

Hy werk in die omgewings van Vryburg, Louwna en Tosca in die Noordwes-provinsie en spesialiseer in aartappels, paprika, groente en mielies.

Hannes streef daarna om elke kliënt se menswees te verstaan, en afgesien van die diens wat hy lewer, ook die persoon te waardeer vir wie hy/sy is. Dit is vir hom belangrik om waarde toe te voeg tot elke kliënt se lande deur middel van sy aanbevelings, maar om ook vir hom/haar as mens iets te kan beteken.

"Wedersydse respek en vertroue is vir my van kardinale belang. Ek is daar om 'n diens te lewer, maar leer ook nog daagliks nuwe dinge deur kliënte se insette en denkwyses. Ek besef elke dag hoe 'n groot voorreg dit is om in ons Godgegewe skepping te kan werk," sê hy.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes. Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.